



**WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO**  
Reeks H: Inougerule Redes, nr. 41

**KOERS HOU IN DIE STROOM-  
VERSNELLING**

**Prof. dr. Tjaart van der Walt**

Rede uitgespreek deur prof. dr. Tjaart van der Walt by geleentheid van sy inhuldiging as Rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op 10 Februarie 1978

**Potchefstroomse Universiteit vir CHO**  
1978

## KOERS HOU IN DIE STROOMVERSNELLING

Toe hy in 1950 die wetsontwerp ter selfstandigwording van ons Universiteit deur die Senaat geloods het, het dr. H.F. Verwoerd onder andere gesê „dat hier 'n inrigting is wat nie met sluheid of met uitoorlê sy karakter wil handhaaf nie, maar bereid is en begerig is om ridderlik te sê: Dit is my karakter en so wil ek daardie karakter bewaar...”

In hierdie gees wil ek vanaand met u praat. En dan wil ek graag drie dinge doen. In die eerste plek net so eerlik en onomwonde sê hoe ek self die gees en karakter van ons Universiteit sien. Tweedens by wyse van steekproef 'n paar voorbeelde noem van hoe ek nie net hierdie karakter sou wil bewaar nie maar dit met mag en mening sou wil uitbou. En in die derde plek wil ek een baie konkrete, praktiese brood-en-botter-saak aansny wat vir die onmiddellike toekoms 'n krisis kan word maar as uitdaging gehanteer moet word, 'n verleentheid wat in 'n skitterende geleentheid omskep kan word.

### 1. DIE GEES EN KARAKTER VAN DIE PU VIR CHO

Die gees en karakter van ons Universiteit was nog nooit dié van 'n kleurlose neutraliteit, 'n klinies onpersoonlike objektiwiteit nie. Hierom het ons voorgangers juis dekades lank die stryd gevoer teen die gewetenskousule in die landswet wat universiteite tot lewensbeskoulike en veral godsdienstige neutraliteit wou dwing. In plaas van hierdie verpligte neutraliteit bepaal artikel 31(1) van ons Universiteitswet: „Die Raad moet by die benoeming van doserende en administratiewe personeel sorg dra dat die Christelik-historiese karakter van die Universiteit gehandhaaf word...”

Wat is hierdie Christelik-historiese karakter?

Voorgangers het dit gedeë filosofies-teoreties gefundeer en uitgewerk. Vir hierdie geleentheid wil ek dit egter liever in 'n paar eenvoudige woorde kernagtig probeer saamvat, sodat vriend en vyand kan weet waar ons staan en hoe ons ons roeping wil vervul.

Laat ek dit so saamvat: Ons gees en karakter is onvoorwaardelik Christelik, onbeskaamd Afrikaans; ons is 'n akademiese diensgemeenskap met durf vir die toekoms.

1.1 In die eerste plek dan: *Onvoorwaardelik Christelik*. Die adel van ons Universiteit is sy van: „Vir Christelike Hoër Onderwys”.

Dit is ons unieke eie-aard, ons bestaansreg, ons roeping en lewensvreugde.

Ons weier om hokkie-en-vakkie-Christene te wees met godsdiens as een van talle kompartementjies in die lewe, gesplete persoonlikhede wat ook gelowig is maar terselfdertyd ’n wye gebied in die lewe vry van godsdiens probeer hou asof dit hulle privaatsdomein is.

Ons wil God onvoorwaardelik dien op alle terreine van die lewe – en dit geniet ook. Psalm 100:2: „Dien die Here met blydschap”.

Die godsdiens van die Bybel is ook ’n godsdiens van blydschap, van dinamiek, van op die voorpunt van die tye wees. As ons dus sê: „onvoorwaardelik Christelik”, bedoel ons daarmee hoegenaamd nie dat ons aan die tydgees van eergister krampagtig vir oormôre moet vashou of dat ons die geestelike mode van vergange se dae moet yk tot ’n norm met kwasi-ewigheidstatuur nie. Die lewende Woord van die lewende God laat hom nie verideo-logiseer nie. Die Bybel is die profetiese woord wat baie vas is – maar ook die lig op ons pad sodat ons nie hoef stil te staan, nie op een plek trippelagtig die pas mag markeer nie maar vasberade vorentoe kan marsjeer. Wie in die werklik basiese dinge van die lewe onverbiddelik konserwatief is, het die durf, die moed, die geestelike krag om midde-in die stroomversnelling van die tyd adembenemend progressief te wees.

Vergun my om hierdie „onvoorwaardelik Christelik” iets skerper af te baken. Dis nie ’n wêreldvreemde Christelikheid nie maar ewe min ’n ver-wêreldlike Christelikheid – en nie een van hierdie uiterstes is denkbeeldige gevare vir ons tyd nie.

Die onvoorwaardelik Christelike van ons Universiteit mag nooit wêreldvreemd wees nie, nooit bloot ’n godsdiens van die binnekamer, ’n tweegesprek tussen God en die siel en die siel en God met geen oog daarvoor dat die áárde aan die Here behoort en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarop woon nie (Psalm 24). Ook die kerk in Suid-Afrika het helaas nie aan hierdie gevaar ontkom nie. Uit Europa het veral die invloed van die Piëtisme, met sy nadruk op die godsdienstige gevoel en persoonlike vroomheidsbeleving, sterk bygedra tot hierdie soort eilandjie-godsdiens. Uit Engeland was dit weer die Liberalisme, met sy nadruk op die individu (met godsdiens as sy privaatsaak), wat meegebring het dat die Christen nie altyd die nodige oog gehad het vir wyer verbande soos die volksgemeenskap en die taak van die gelowige op alle terreine van die maatskappy nie.

Aan die ander kant beleef ons tans 'n baie duidelike reaksieverskynsel in die vorm van 'n verwêreldlikte Christelikheid. En dan dink 'n mens hier nie bloot aan die vloedgolf van sekularisasie wat veral sedert die vorige eeu oor die ou vestings van die Christendom heen spoel, of aan die Social Gospel (Rauschenbusch) vroeër hierdie eeu nie maar veral aan die sogenaamde Teologie van die Hoop (Jürgen Moltmann), wat 'n sterk stimulus gegee het tot die Teologie van Bevryding, die Teologie van Rewolusie en die legio „genitief-teologie” van die Wêreldraad van Kerke.

Eensydige betrokkenheid op die vertikale (verhouding tot God) lei onvermydelik tot 'n wêreldvreemde Christelikheid. Daarteenoor lei 'n oorbelemtoning van die horisontale (verhouding tot mens en wêreld) ten koste van die vertikale noodwendig tot 'n verwêreldlikte Christelikheid. Die primêre is ongetwyfeld ons verhouding tot God; dit is die wortel, die kragbron, die fondament van ons bestaan. Maar omdat ons in God veranker is, het ons ook 'n taak en roeping ten opsigte van ons naaste, ons medemens, die wêreld waarin ons woon. Die liefdesgebod, die skarnier waarom die Skrif en die Profete draai, het immers twee arms: 'n hand na boontoe, 'n kinderhand wat styf vas is in 'n almagtige Vaderhand, en 'n hand wat in diensbereidheid en liefde na almal rondom ons uitgestrek word.

Lynreg teenoor hierdie uiterstes van 'n wêreldvreemde Christelikheid aan die een kant en 'n verwêreldlikte Christelikheid aan die ander kant staan die eg-reformatoriese, oer-Calvinistiese geloofsbelofte: God is Koning oor alle terreine van die lewe. Godsdien is nie net 'n saak van die binnekamer, van die kerkgebou of van Sondag nie – alles staan onder die heerskappy van die Here van die leërskaars. Sy kinders mag en moet Hom dien op alle terreine van die lewe. „In u lig sien ons die lig” – ook vir die wetenskap, dosente- en studenteverhoudinge, ons samelewing van verskillende volke, die politiek, die ekonomie, kuns en kultuur, ontspanning en wat daar ook mag wees.

Van die hervormer Luther kom die uitspraak dat niemand sy kind na 'n universiteit moet stuur waar die Heilige Skrif nie regeer nie. Dit wil ons bo alles wees: 'n universiteit waar die Heilige Skrif op alle terreine regeer.

Dit stel geweldige eise aan ons Universiteit. Dit kan 'n ontsaglik voorbarige pretensie wees as ons dit nie ook daadwerklik so uitleef nie. Meer, doelgerigter, intensiewer, radikaler as ooit tevore moet ons die konsekwensies van die Evangelie deurtrek na alle fasette van die lewe – na die terrein van die wetenskap, maar ook daarbuite. Die basiese vraag vir alles in ons Universiteit moet wees: Bring dit my nader aan Christus, of neem dit my verder van Hom af weg?

As ons sê „onvoorwaardelik Christelik”, bedoel ons dit dus hoegenaamd nie as farisese statussimbool van eie selfverheffing, asof ons dit al klaar bereik, al klaar in alles volkome Christelik is nie. Inteendeel. Ons stel hierdie „onvoorwaardelik Christelik” as voortdurende eis aan onself en as openlike erkenning na buite: Ons ouers, ons studente, ons dosente, die maatskappy kan en moet ons hierop aanspreek, dit in alles van ons vorder. As iets nie die toets van die Bybel kan deurstaan nie, het dit geen bestaansreg aan die PU vir CHO nie.

Terselfdertyd is hierdie „onvoorwaardelik Christelik” egter nie net imperatief nie maar ook indikatief. Dis nie net eis aan die mens nie maar ook genade van die Here. In die band met Hom, deur die geloof, het ons die krag, die rus, die vertrouwe om onbeskroomd in alle opsigte tot sy eer te wil lewe. En innig dankbaar te wees.

1.2 In die tweede plek: „*Onbeskaamd Afrikaans*”. Ons was nog nooit skaam om Afrikaans te wees nie, en ook in die toekoms gaan ons ons Afrikaner karakter beslis nie onder stoele en banke wegsteek nie. Meer as een stoere Afrikaanse universiteit van vandag het êrens in sy voorgeskiedenis ’n taamlik onafrikaanse fase. Ons nie. Toe Afrikanerwees nog ’n vurige (en soms selfs venynige) minderheidstryd was, was ons reeds op die voorpunt. Ons gaan daar bly.

Maar ons weier om van ons Afrikanerskap ’n kultus, ’n godsdiens (of liewers ’n afgodsdiens) te maak. Ons godsdiens is en bly die Christelike, onvoorwaardelik en met absolute prioriteit.

Ons is in die eerste plek Christene, dan óók Afrikaners — nie omgekeerd nie. Ons is Christelik-nasionaal — nie nasionaal-Christelik nie. Ons geloof is nie ’n stamgodsdiens ter verheerliking van die eie-ek nie.

Nie asof die Christelike en die nasionale mekaar uitsluit, asof geloof in God liefde vir jou volk verbied, asof ’n mens moet ophou Afrikaner wees die oomblik as jy onvoorwaardelik Christelik wil wees nie. Dis onsin om te dink dat ’n mens ’n sogenaamde wêreldburger moet word as jy regtig ’n Christen wil wees.

Hoeveel wêreldburgers was daar in die Bybel? Kom ons kyk ’n oomblik na twee groot Bybelfigure, een uit die Ou Testament, die ander uit die Nuwe Testament.

Moses was bo alles Godsman (vergelyk Deut. 34:10-12) maar terselfdertyd ook onvervals volksman. As sy volk van die Here afdwaal, probeer hy dit nie toesmeer, goedpraat of miskyk nie — hy stel dit radikaal en on-

verbloemd aan die kaak (Eks. 32:19-20) en bestry dit letterlik ten bloede toe (Eks. 32:37-38). Maar dan bid hy ook vir sy volk, en dan pleit hy om in hulle plek nie maar net te mag sterwe nie maar desnoods die ewige verdoemenis in te mag gaan (Eks. 32:30-32).

Of uit die Nuwe Testament: Paulus. Sy onverbiddelikste teëstanders wat hom meermale om die lewe wou bring, was sy volksgenote. En tog het hy telkens op sy sendingreise as hy in 'n dorp of stad kom, juis in die sinagoge begin preek. Oor sy mense se volksondes is hy onverbiddelik skerp (byvoorbeeld 1 Tess. 2:14-16), maar hy verlustig hom nooit daarin nie; dit bly vir hom, sê hy, „'n groot droefheid en 'n onophoudelike smart vir my hart” (Rom. 9:2). En as hy kon, sou hy in sy volk se plek hel toe wou gaan as dit hulle maar by Christus kon bring (Rom. 9:3).

Onvoorwaardelik Christelik, onbeskaamd Afrikaans – albei, nie òf die een òf die ander nie. Die Christelike is al te seker 'n begrensing vir die nasionale maar terselfdertyd ook 'n verdieping daarvan. Ons Christelike karakter moet steeds ons Afrikanerskap suiwer, sensor, louter – maar terselfdertyd dit ook versterk, verinnig en verruim.

Ja, dit ook verruim. Natuurlik sit daar in ons Afrikanerskap iets eksklusiefs, soos enige begrip iets eksklusiefs het, 'n eie karakter, 'n eie-aard wat verhoed dat dit vervloei en vervaag en verkleurmannetjie. In Afrikanerskap is daar egter, naas die eksklusiewe kern, ook 'n inklusiewe spektrum, 'n openheid wat roep, nie net afweer nie; wat uitnooi, nie net wegstoot nie. Dit is 'n Afrikanerskap wat die kuns verstaan van verskeidenheid in eenheid en van eenheid in verskeidenheid; wat nie net in isolasie sy eie identiteit kan bewaar nie maar ook in diensbaarheid ander volke in hulle selfontplooiing wil begelei.

Dit is 'n Afrikanerskap van die Voortrekkersoort, met Hugenotebloed in die are, Geusespiere in die arms en bene. Dit is 'n Afrikanerskap wat bitter moeilik stil sit en nooit agteruit beweeg nie; wat wel terugkyk na wat verby is, maar dan enkel om die koers te peil vir wat voorlê. Dit is alles behalwe 'n *status quo*-verheerliking, 'n vasklamp aan die „establishment”, 'n hou wat jy het omdat jy dit nou eenmaal het-mentaliteit; maar ewe min ook is dit 'n rusteloos neurotiese rondgedwarrel op die wieke van die nuutste modewind van verandering.

Natuurlik is dit konserwatief. Maar dit wat konserwatief meer maak as 'n leë slagspreuk, is nie bloot dát jy behoudend is nie, maar wát dit is wat jy behou, en veral: wat jy daarmee dóén.

Die groot vriend van ons Universiteit – in die dae toe dit nog net 'n Teologiese Skool was – president S.J.P. Kruger, het dit in sy geesteslike

testament so gestel: „Soek in die verlede dit wat rein en edel is, en bou daarop jou toekoms”.

Soek in die verlede — moenie in die lug begin, in die bloute, in die niet asof daar voor jou niks was wat die moeite werd was nie. Soek in die verlede.

Maar soek in die verlede net dit wat rein en edel is. Weeg jou verlede. Keur jou tradisie. Meet jou geskiedenis. Moenie klakkeloos die verlede probeer kontinueer na die hede nie. Wees krities teenoor jou verlede: positief-krities, konstruktief krities.

Want jou verlede durf jy nie in 'n museum, in 'n argief gaan opsluit nie. Dit is jou boustene vir die toekoms. Dit is jou arsenaal vir môre. Dit is jou materiaal vir werk.

U sal wel merk dat dit hier gaan om 'n Afrikanerskap met meer vitamine en minder sooi-brand as wat in sommige kringe as konvensioneel beskou word. Maar daarvoor het ons nog nooit om verskoning gevra nie, en ons gaan dit ook nie doen nie.

1.3 In die derde plek is ons Universiteit 'n *akademiese diensgemeenskap*. Iets besonder van ons Universiteit was nog altyd sy gesinskarakter. Die feit dat ons oor soveel jare 'n klein groepie was wat 'n opdraende stryd moes voer, het sekerlik ruim hiertoe bygedra. Belangriker was egter die besondere band wat saamgebind het, die besef dat ons nie maar net nóg 'n universiteit is nie maar dat ons 'n universiteit is met 'n unieke taak en roeping. Solank hierdie gemeenskaplike roepingsbesef lewend en heg gebly het, kon die Universiteit groei en soms byna uit sy nate bars — die besondere gemeenskapsband het gebly.

Hierdie gesinskarakter is iets kosbaars wat bewaar moet bly. Ons dosente is nie 'n disparate groep individualistiese virtuose, 'n versameling briljante soliste nie maar 'n span wat skouer aan skouer moet en mag werk. Ons studente het 'n buitengewone gees van onderlinge samehorigheid, en ons koshuisgemeenskappe het iets van groot huisgesinne. Lewensbelangrik is in die derde plek die spontane en persoonlike kontak tussen dosent en student, die konkrete en daaglikse beleving van die *universitas magistrorum et scholarium*.

Hierdie gesinskarakter word ook in ons tyd van verskillende kante bedreig. Die algemene finansiële toestand waarin ons land hom bevind en ook die besondere posisie aan ons eie Universiteit dwing ons om drasties te besluit. En dan is een van die eerste versoekings om die klas- en werkeen-

de te vergroot. Hiervandaan is dit egter maar net 'n hanetree na massafikasie, massaproduksie, oorvol dosenteprogramme, die verontpersoonliking van onderlinge verhoudinge en 'n einde aan ons besondere gemeenskapskarakter.

Dit mag nooit.

Hierdie gemeenskap is ingestel op diens. Geen universiteit is 'n doel op sigself nie. Elke universiteit is 'n diensorganisasie wat alleen bestaansreg het solank die diens wat hy lewer, dit regverdig.

In die eerste plek is dit 'n diens na binne. Diens deur navorsing, kennisontginning, -versameling en -bewing. Ook diens deur kennisoordrag, deur onderrig en opleiding van die student om self wetenskaplik werksaam te kan wees. Diens verder deur die algemene vorming van die student, deur hom voor te berei om 'n bepaalde beroep te kan beoefen, hom toe te rus om sy volle deel — en meer — in die samelewing te kan bydra.

En so word dit ook 'n diens na buite, deur die studente wat die universiteit vir die maatskappy lewer, maar ook deur die navorsing van die universiteit. Want hierdie navorsing mag nie vryblywend bepaal word deur die persoonlike belangstelling of wetenskaplike stokperdjie van die individuele navorser nie maar moet uitdruklik rekening hou met die bepaalde behoeftes van die samelewing, die groep of volk, die streek of land wat die betrokke universiteit in die eerste plek mag dien.

In hierdie diens mag die universiteit egter nooit ontaard tot 'n verlengstuk van die samelewing of tot 'n blote agent van die maatskappy nie. Die akademiese karakter van die universiteit moet voluit gehandhaaf bly. Die universiteit mag nooit 'n bundeling beroepskole word wat professionele outomate afrig, of 'n ketting laboratoria wat enkel op die oplossings van die akuutste probleme van die samelewing toegespits is nie. Ewe min mag die studente of dosente 'n drukgroep word op nie-akademiese terreine soos die politiek, die ekonomie, plaaslike bestuur of wat ook al. Dit betaam geen akademikus, hetsy dosent of student, om oor allerlei en nog wat los en vas uitsprake kwyt te raak wat nie van gedeë vakkennis en 'n soliede akademiese onderbou getuig nie.

In navorsing, opleiding, opvoeding en gemeenskapsdiens moet die akademiese karakter van die diensgemeenskap bo alle twyfel gehandhaaf bly. Daarvoor is die unieke eie-aard van enige universiteit te kosbaar. Hoeveel te meer nog in ons geval waar dit ons voorreg is om op basis van Christelike wetenskapsbeoefening deur 'n Christelike gemeenskap Christelike diens na binne en na buite te lewer?



1.4 Die vierde karaktertrek wat ek wil aanstip, is waar van alle tye, maar in ons omstandighede het dit 'n besondere aktualiteit: *Durf vir die toekoms*. Dit raak ons almal; tog dink ek hier veral aan ons jeug.

Ons jeug mag nie verleë-skaam na die toekoms hoef te loer nie. Hulle moet dit blymoedig, voorbereid en vasberade tegemoet kan tree.

By te veel van ons mense dreig daar 'n moedeloosheid as hulle aan die toekoms dink, of minstens 'n moegheid, 'n verbouereerdheid, 'n onsekerheid.

Dat ons jeug hier en daar begin aansteek, kan niemand wegredeneer nie. In die steil jare wat voorlê, sal ook ons studente hulle steeds meer en meer afvra: Het ek nog werklik 'n toekoms? Het dit nog enige sin om my voor te berei vir 'n beroep? Watter sin het my studie? As hierdie proses nie gestuit word nie, sal daar 'n toekomsverlamming intree met noodlottige gevolge. En die voortekens daarvan sien 'n mens nou al — selfs hier en daar by ons — in swak studieprestasies as gevolg van gebrekkige motivering. As dit verder voortgaan, sal dit onvermydelik lei tot die aftakeling van sedelike waardes, tot 'n soort ontvlugtingshedonisme, 'n houding van: Geniet die lewe so lank as jy nog kan; leef van oomblik tot oomblik, want môre kom dalk nooit nie.

En daarom is durf vir die toekoms meer as ooit tevore eis vir ons tyd, vir ons mense, vir ons jeug.

Niks op ons Universiteit mag enige sweem van defaitisme dra, enige skyn van weghardloop of boedel-oorgee wek nie.

Ons moet-ophou praat van die krisistyd waarin ons lewe. Ons hele volksgeskiedenis was die een krisis op die ander — en dit het ons nie gebreek nie; dit het ons gestaal en gesterk vir die toekoms.

Die besondere kenmerk van ons tyd is nie dat dit 'n krisistyd is nie maar eerder dat dit 'n stroomversnelling is soos nooit tevore nie. Hiervoor moet ons ons jeug toerus, hulle inspireer, hulle motiveer. Ons doen dit nie deur te kla dat die dinge te vinnig gaan nie, maar wel deur die stroom te help reguleer, dit te kanaliseer en in die regte bane te lei.

Laat ons die stroomversnelling dus positief benader. Dis waar, in 'n tyd van stroomversnelling kan dinge soveel vinniger verkeerd gaan — maar ook soveel vinniger regkom. Daar sit iets bevrydends in 'n stroomversnelling: 'n mens word gedwing om van oortollige bagasie ontslae te raak. Jy leer om te onderskei tussen die werklik basiese en die res. Jy word teruggedwing na jou fundamente.

Die toekoms moet vir hulle nie net krisis nie maar ook uitdaging, nie

net vraagteken nie maar ook heerlike avontuur wees. Hulle moet weet dat hulle nie net geskiedenis gaan sien nie maar dit gaan help máák.

Ons laat ons studente in die steek as ons by hulle 'n mentaliteit aanweek om aan die *status quo* vas te kleef. Ons doen dit egter net soseer as ons by hulle 'n houding van by voorbaat maar kapituleer laat ontstaan.

Ek kan ons taak in hierdie opsig nie beter stel as deur te verwys na die eerste kanselier van ons Universiteit, 'n man wat byna 'n half eeu lank aan ons verbonde was nie: Jacob Daniël du Toit.

Hy is aan die een kant die man wat gesê het: „Die wêreld is ons woning nie”. Ons het hier geen blywende stad nie. Ons is nog op pad. Die eintlike kom nog. Ons speel nou die voorwedstryd; die hoofwedstryd lê nog voor.

Daarom durf ons nie langs die pad vashaak nie. Ons mag nie — soos Demas — die teenswoordige wêreld liefkry nie. Ons mag nie die *status quo* probeer verewig, die huidige toedrag van sake krampagtig teen enige moontlike verandering probeer afskans nie.

Die wêreld is ons woning nie. Ons is op pad, en ons moet stap — vorentoe.

Maar terselfdertyd is Totius ook die digter van „Die Besembos”, van: „Ek leef en sal lewe, my dood kry is min”.

Moenie dink omdat ons reisigers na môre is, dat ons vlugteling vir vandag is nie. Ons is swerwers, ja — maar nie weghardlopers nie. Die ewigheid in ons hart maak ons nie bang vir die tyd waarin ons lewe nie. Dit gee ons juis wat onontbeerlik is: Durf vir die toekoms.

## 2. DIE UITBOU VAN HIERDIE GEES EN KARAKTER

Onvoorwaardelik Christelik. Onbeskaamd Afrikaans. 'n Akademiese diensgemeenskap met durf vir die toekoms. So sien ek die gees, die karakter, die roeping van die PU vir CHO vir hierdie tyd waarin ons lewe.

Maar hoe kan hierdie karakter nie net bewaar word nie maar verder uitgebou en verstewig word?

Van die mees deurlugte universiteite oorsee het as Christelike universiteite begin. Vandag is hulle nog steeds universiteite van formaat, maar Christelik sou hulle nouliks nog genoem kon word.

Kan dieselfde nie ook maar met die PU vir CHO gebeur nie?

Dit is nie wette, reëls of regulasies wat 'n volk — of 'n universiteit — sy identiteit laat behou nie, maar sy wil om dit te doen, sy vasberadenheid.

Op papier mag die gees en karakter van ons Universiteit hoe pragtig lyk,

maar as dit nie meer onder ons lewe nie, is dit nie die papier waarop dit geskrywe staan, werd nie.

Gees en karakter kan nie kunsmatig gestimuleer word nie. Die paar voorbeelde wat ek gaan noem, is dus ook hoegenaamd nie as aanplakself bedoel nie. Tog kan hulle miskien dien as basis vir besinning deur ons hele Universiteit oor die vraag: Hoe kan ons die gees en karakter van die PU vir CHO nie net bewaar en beveilig nie maar dit met krag uitbou en verstewig?

2.1 Ons is in die eerste plek *onvoorwaardelik Christelik*. Die basiese vraag in alles moet wees: Bring dit my nader aan Christus, of trek dit my verder van Hom af weg?

Die saak van Christelike wetenskap moet ons met krag uitbou. Sonder om ondankbaar te wees vir wat reeds gedoen is, moet ons die agterstand (veral in sekere rigtings) nie miskyk nie. Ons bou te stadig. Ons sal daadwerkliker maatreëls moet tref. Interdissiplinêre studies sal op groter skaal onderneem moet word. Miskien kan die omskepping van Interfakultêre Wysbegeerte in Wetenskapsleer — die direkter inbedding van die prinsipiële in ons vakwetenskappe — help. In elk geval mag ons nie ons ore sluit vir die studente wat vra: Wys my konkreet waar byvoorbeeld my Sielkunde hier verskil van Sielkunde elders, of my Wiskunde, my Fisika, my Taalkunde — hoe dit „In U Lig” is en hoe daar buite nie.

Ons moet in hierdie sake nie te eng filosofies optree nie. Die prakties Skriftuurlike moet die grondtoon wees. Maar kan ons studente dit altyd so hanteer? As ons hulle die lewe instuur onder die leuse „In U Lig”, is dit nie noodsaaklik dat ons ons studente ’n populêrwetenskaplike handleiding sal gee van hoe hulle — ook vir die wetenskap — met die Bybel moet omgaan nie?

Elke sweem van kerkisme moet ons vreemd bly. Die bande met die kerke moet daarteenoor verstewig word. Ten tye van ’n ontmoeting met alle plaaslike predikante wat studente van ons as gemeentelede het, kon reeds indringend gepraat word oor hoe die Universiteit sy deure wyer kan oopmaak vir die kerk om sy pastorale taak te vervul; maar ook kon probleme soos dit by ons studente leef, eerlik en openhartig onder aandag van die kerke gebring word. Ek sou hierdie soort ontmoeting graag wou uitbrei en voortsit. Waar ek ook al kerke sou kon ontmoet, aanvaar ek by voorbaat die uitnodiging met genoeë.

Die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme het reeds kostelike werk kon doen ter voorligting van hoe die konsekwensies van die evangelie

na alle terreine van die lewe deurgetrek moet word. Dit is teweens nie net die taak van die IBC nie maar van alle departemente, institute, verenigings en organisasies aan ons Universiteit, elk op sy eie terrein. Dit is ook die eis wat by alle doseerwerk gestel moet word, en ons studente moet deurgaans so begelei word dat hulle by uitstek hiervoor toegerus is: om die konsekwensies van die evangelie konkreet deur te trek na die betrokke vakgebied of lewensterrein waarmee hulle besig is. Die IBC is hier maar net koördinerende liggaam. Ek sou hierdie Instituut hefter wou inbed in die geheel van ons Universiteit en hom in sy aksies na buite kragtiger tot ontplooiing laat kom.

Die verantwoordelikheid van die Universiteit eindig nie die dag as die student sy kampus verlaat nie. Volwasse of voortgesette onderwys is 'n saak van aktuele belang. Ek sou op groter skaal oud-studente en belangstellendes van buite wou betrek, nie maar net ter oriëntering van nuwe ontwikkelinge op hulle vakgebiede nie maar ook in die algemeen by kursusse in praktiese Christelike lewenstyl en konkrete Calvinistiese lewensetiek.

Trouens, het ons — juis in die lig van ons gees en karakter — al genoeg aandag aan die beroepsetieke gegee, ook van dié studierigtings wat ons nog nie kan of mag aanbied nie?

Ons verantwoordelikheid as Christelike universiteit eindig egter nie by ons eie studente of ons eie mense nie. Ons het hierin 'n wêreldwye taak. Daarom het ons in 1975 die eerste Internasionale Konferensie vir Inrigtings vir Christelike Hoër Onderwys aangebied. Daarom kom daar binnekort drie (en moontlik vier) Koreane na die PU vir CHO om hier Christelike wetenskap van naby te leer ken, sodat hulle hulle Teologiese Skool tot 'n volwaardige Christelike universiteit kan uitbou — soos ons Teologiese Skool self onder die seënende hand van God tot 'n volwaardige Christelike universiteit uitgegroe het. Daarom sluit ons ook nie ons deure vir nagraadse studente uit ander bevolkingsgroepe wat hier die wetenskap „In U Lig” wil bestudeer nie. Nie om daarmee 'n veelrassige universiteit te word nie — ons is en bly onbeskaamd Afrikaans — maar om hierdie mense in staat te stel om eendag hulle eie Christelike universiteite vir hulle eie volke te kan bou.

2.2 Soos met die „onvoorwaardelik Christelik” mag ook die „*onbeskaamd Afrikaans*” van ons gees en karakter nooit 'n blote aanplaksel wees nie. Alles wat ons dink, sê of doen moet dit adem. Ek verwag dit van elke dosent in elke lesing, van elke student in elke kultuurvereniging of sport-

klub.

Ons sal wel deeglik bepaalde maatreëls kon tref om nog hierdie karaktertrek verder te versterk.

Wetenskapsleer (die vorige Interfakultêre Wysbegeerte) moet ons studente help om nie akademiese barbare te wees met 'n vakdisiplineagtige tonnelvisie nie. Dit moet hulle inlei in die weidse gebou van die wetenskap in die geheel. Maar dit moet hulle ook toerus met 'n gedeë Christelike lewens- en wêreldbeskouing — en juis hierin hulle nog uitdrukliker onbeskaamd Afrikaans geestelik weerbaar maak.

Naas algemene, fundamentele navorsing moet ons ons navorsing nog meer spesifiek rig op die oplossing van landsvraagstukke en die ontplooiing van die potensiaal van ons land en sy mense. En laat ek dit maar uitdruklik sê: 'n baie hoë prioriteit moet hierby aan die verdediging van ons land gegee word. Ons doen in stilte reeds heelwat; ek sou graag wil sien dat die vermoëns van ons Universiteit nog meer benut word deur hulle wat oor ons landsveiligheid moet waak.

Die band tussen ons Weermag en ons Universiteit kan nooit heg genoeg wees nie. Ons loop al 'n lang pad saam, maar ook dit moet uitgebou word. Ons het pas vanjaar 'n besondere parade op ons universiteitsterrein gehad toe ons eerste damestudente hulle basiese militêre opleiding voltooi het. Die Regiment Potchefstroomse Universiteit en die Cachet-Kommando (dalk eersdaags die PU vir CHO-Kommando?) moet net so deel van ons wees as byvoorbeeld die Alabama of die eerste rugbyspan. Jong manne veg op hierdie oomblik plaasbekledend op die grense van ons land sodat ons studente rustig kan studeer. Elke student moet weet: My studietyd word duur gekoop; ek moet dit voluit benut. Die Weermag moet tuis wees op ons kampus. Ons moet geleenthede skep waar hulle spesiaal ons gaste kan wees. Ek verwag van elke student en elke dosent om êrens, direk of indirek, sy deel by te dra in die Burgermag, die Kommando's, Burgerlike Beskerming, die Polisereserviste of in noodsaaklike dienste soos die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga, ensovoorts.

Die besondere eer is ons Universiteit aangedoen dat Amajuba — die plaas waarop die geskiedkundige slagveld geleë is — teen die einde van hierdie maand aan ons oorgedra gaan word. Ons sal dit namens ons volk in trust hou. Elke student moet een of ander tyd die slagveld betree. Fasiliteite moet aangebring word sodat elke Afrikanervader sy seun soontoe kan neem. 1981, Amajuba-eeufeesjaar, moet landswyd herdenk word. Want hier by Amajuba het dit die eerste keer in eeue gebeur dat 'n koloniale moontheid die knie moes buig voor die vryheidstryder. Die gees van Ama-

juba moet weer oor al ons mense vaardig word.

2.3 Om as *akademiese diensgemeenskap* na die beste van ons vermoë te kan funksioneer is 'n belangrike voorvereiste dat ons universiteitsorganisasie en -administrasie vlot, effektief en doeltreffend moet wees. 'n Intensiewe ondersoek onder vakkundige leiding het ver gevorder, en maatreëls vir interne reorganisasie is goed op pad. Dit het onder meer reeds gelei tot die selfstandigwording van ons Rekenaarsentrum en die stigting van 'n afsonderlike departement vir Dataverwerking in ons Administrasie ... en onvermydelik daarmee ook aansienlike kapitaaluitgawe sodat ons bestaande fasiliteite optimaal kan benut en gevolglik kan bespaar. Trouens, ook in die toekoms sal ons bereid moet wees om te bestee om te kan bespaar; ons het byvoorbeeld 'n dringende behoefte aan 'n afdeling Interne Oudit, wat stelselmatig en krities ons hele opset kan oorsien.

Mag ek van moontlike verdere ontwikkelinge net 'n paar tentatiewe voorbeelde noem.

Ons bouprogram beleef tans die afsluiting van 'n bepaalde fase. Is die tyd nie nou ryp om te konsolideer deur die skepping van 'n Sentrale Direktoraat vir Kampusdienste nie? Op hierdie wyse sou ook aandag gegee kon word aan sake wat tot dusver noodgedwonge agterweë moes bly. Ek dink hier onder meer aan die stelselmatige ontwikkeling van ons terrein sodat die voorkoms van ons kampus 'n getrouer weerspieëling kan wees van die innerlike dissipline en netheid van ons algemene lewenshouding.

Dit gaan egter om meer as net organisasie en administrasie. Dit gaan ten diepste om diens. Die reeks dienste wat ons reeds aan ons studente bied, is indrukwekkend. Vanjaar kom daar nog 'n Kampus- Mediese Diens by. Hierdie dienste moet nog verder uitgebrei word. Vir ons Sportinstituut is daar byvoorbeeld geen kulturele pendant nie — en kultuur is tog sekerlik nie minder belangrik as sport nie. 'n Baie belangrike saak is ook die koördinasie van al hierdie dienste, byvoorbeeld in 'n sentrale Studenteburo met 'n voltydse hoof. Mag ek egter hierby uitdruklik stel dat ek dit hoegenaamd nie sou aanvaar nie as so 'n ontwikkeling enigins moet geskied ten koste van die selfstandigheid van die studente in hulle eie sake of dat daar nou vir minder personelede die geleentheid sou wees om hulle kundigheid en diens tot beskikking van ons studente te stel.

Ons Universiteit was die eerste in die land om 'n Departement Tersiêre Onderwys in die lewe te roep — met kostelike resultate. As gevolg hiervan is hierdie Departement egter so oorlaai met ander verpligtinge dat sy bruik-

baarheid ernstig gestrem word. 'n Selfstandige Buro vir Tersiêre Onderwys (eventueel verbind met 'n Sentrum vir Oudiovisuele Hulpmiddels) is myns insiens lankal 'n moet.

Die eerste keer in ons geskiedenis sal daar binnekort kantoortfasiliteite vir al ons dosente beskikbaar wees. Ek verwag dat hulle dit ook ten volle sal benut in die vorm van gereelde spreekure waardeur studente makliker toegang tot hulle dosente sal kry. Hierdie persoonlike kontak moet egter nie net binne kantoorure of -mure geskied nie; dis basies 'n kwessie van lewenshouding. In hierdie verband dink ek sterk aan 'n andersoortige fasiliteit. Dit beteken geweldig baie vir sowel studente as dosente om van tyd tot tyd ongehinderd (in 'n eilandsituasie) te kan saamkom en te kan saamsprek. Trouens, 'n verbasend uitgebreide reeks kursusse word reeds etlike jare met groot vrug deur ons studente, veral oor naweke aan medestudente aangebied. Keer op keer is die probleem egter om 'n geskikte en beskikbare terrein te vind. Die dringende behoefte aan eie fasiliteite sodat op nog intensiewer skaal reëlmatig en planmatig voortgebou kan word, kan nie langer geïgnoreer word nie. Ons kan ons dosente en veral ons studente eenvoudig nie goed genoeg toerus vir hulle dienswerk nie — en as dit nog spontaan vanuit eie geleedere gebeur, soveel te beter.

Ons huidige ekonomiese klimaat maak dit dubbel belangrik om slegs dan nuwe kursusse aan te bied as dit in 'n werklike behoefte sal voorsien. Daarom wil ek my graag ten doel stel om in die eerste plek te konsentreer op wat ons Universiteit reeds doen, hierdie aktiwiteite probeer uitbou en so seker te maak dat ons ons bestaande fasiliteite maksimaal benut.

'n Paar voorbeelde. Toe ons Universiteit 'n paar jaar gelede verbygegaan is in die toekenning van 'n Landboufakulteit (sodat die mieliestreek van ons land nog steeds sonder 'n eie landboufakulteit moet klaarkom) het ons ons dienswerk ontplooi deur naas bestaande departemente ook institute op te rig, byvoorbeeld vir Bodemkunde, Koöperasies en Plantkundige Navorsing. 'n Volwaardige ingenieursfakulteit was tot dusver ook nog nie vir ons beskore nie. Ons sit egter nie in sak en as nie, maar ons het pas ons huidige dienste uitgebou om in 'n daadwerklike behoefte te voorsien deur in die Vaaldriehoek die geleentheid te skep vir 'n indiensopleiding van ingenieurs. Of in die derde plek: die Mediese Fakulteit wat ons steeds ontwyk. Die versoeking is wel groot om in die lig van die uittoeg van geneeshere na oorsie vir ons Regering te vra: Gee ons die kans om medici op te lei wat nie uit die land sal weglug nie. Eerder as om te vra vir wat ons nog nie het nie, gaan ons egter woeker met wat ons wel het. Op paramediese gebied doen ons in verskillende opsigte werk wat wêreldwye erkenning geniet. Moet ons

hierdie werk nie verder uitbou deur byvoorbeeld 'n Instituut vir Paramediese Dienste in te stel wat die mediese kern kan huisves as hulpdiens vir Aptekerswese, Verpleegkunde, Anatomie en Fisiologie, Mikrobiologie, Liggaamlike Opvoeding en die kostelike navorsingswerk (en diens!) wat hulle bied nie?

My beleid ten opsigte van ons Vaalrivierse Tak is soortgelyk. Die dag as ons 'n volwaardige susteruniversiteit, ook vir Christelike Hoër Onderwys, aan die Vaalrivier kan verwelkom, sal 'n dag van vreugde wees. Maar ons moenie onnodig dupliseer net om te wil groei nie. Ons moet veral konsentreer op die dienste waaraan die plaaslike gemeenskap werklik behoefte het, en die steun wat ons van hulle ontvang, sal hierin vir ons 'n baie duidelike barometer wees.

Ons Universiteit het die voorreg om deel te wees van 'n groter akademiese gemeenskap in Suider-Afrika. Met alle inrigtings vir tersiêre onderwys sou ek op elke terrein die hartlikste bande wil onderhou. Ons sal nooit te hoogmoedig wees om by ander te leer nie, en wat ons is en het, is tot ons medestanders se beskikking. Mag interuniversitêre spanwerk kragtig toeneem. En mag ek hier veral melding maak van die pragtige gesindheid van ons plaaslike buurman, die Potchefstroomse Onderwyskollege, die belowende samewerking met ons Vaalrivierse medestander, die Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys aldaar, en die ou beproefde bande met die Hammanskraalse Teologiese Skool.

*2.4 Om met durf die toekoms te kan aanpak* is alleen moontlik as iemand realisties die feite in die oë kyk maar terselfdertyd bereid is om hulle om te vorm en te verwerk volgens 'n duidelike ideaal. Daarom is en bly die lewensbeskoulike vir ons studente van die allergrootste belang. Maar dan ook prakties en konkreet, nie in 'n lugleegte nie. Niks van die werklikheid mag vir ons studente verbloem word nie: ons durf hulle nie met oogklappe aan die lewe instuur nie. As praktiese lewenshouding moet ons ons studente dit bybring om alle probleme vierkantig in die oë te kyk, om nie uit te stel nie maar vraagstukke dadelik aan te pak en hulle derdens die vertrouwe te gee in hulle toerusting — bowe al hulle geestelike toerusting — dat hulle met seën uit die hoogte ook in staat is om die nodige oplossings te vind. Terselfdertyd moet hulle nie net die moed hê om op die ou paaie te bly wandel nie, maar ook die durf en die vermoë om in onontginde terrein nuwe paaie te maak, om self padmakers te wees. Hulle moet die ou beginsels vars en fris in 'n nuwe idioom onder nuwe omstandighede kan uitlewe.



Dosente en studente van ons Universiteit was dwarsdeur die geskiedenis nog nooit bang om standpunt in te neem nie. Wie duidelik standpunt inneem, kom dadelik in 'n aanvegbare en omstrede posisie. Daarvoor het ons egter nooit teruggedeins nie. Ons was nog nooit blote napraters van ander nie, net so min as wat ons van ons studente verwag om blote papegaie van onself te wees. In 'n dinamiese akademiese gemeenskap is verskil van mening dikwels 'n stimulus tot verdere besinning, en een-tonigheid 'n teken van geestelik verkalkte are.

Die dosent of student wat sy beskeie bydrae wil lewer om saam deel te wees van die gewete van die Afrikaner, moet aan drie essensiële vereistes beantwoord. In die eerste plek moet hy steeds in gedagte hou dat ons 'n akademiese inrigting is en dat sy uitsprake dus van akademiese standaard moet wees: werklikheidsgetrou, wetenskaplik verantwoord en feitelik korrek. Tweedens, omdat ons 'n Christelike inrigting is, moet sy uitsprake onteenseglik die toets van die Bybel kan deurstaan. En in die derde plek, omdat ons onbeskaamd Afrikaans is en wil wees, moet daar ook in sy kritiek die egte liefde vir ons volk, vir ons land en ons mense ondubbelsinnig deurklink.

Moet daar egter ook in ons persoonlike uitsprake na buite nie veel meer van ons gemeenskapskarakter teregkom nie? Ons het die unieke voorreg om as akademiese gemeenskap mekaar se gedagtes te slyp, te toets, te korrigeer. Ek verwag van alle dosente en studente om eers voluit na binne met mekaar gemeenskap te beoefen deur krities mekaar te toets en te kontroleer voordat oorhaastige en onewewigtige uitsprake na buite gedoen word.

Die saak waarvoor ons staan, en die erns van die tye waarin ons lewe, is te groot dat ons kan toelaat dat dit deur oorhaastige of onbesonne optrede skade sou ly. Nie net wat ons sê nie maar hoe ons dit sê, is van die grootste belang. Ons moenie net opreg wees soos die duiwe nie maar ook versigtig soos die slange (Matt. 10:16).

Stilbly durf ons nie. Net, as ons praat, moet dit raak, waar, Bybels, posities wees. Dan kan ons met durf die toekoms ingaan.

### 3. 'N VERLEENTHEID OF 'N GELEENTHEID?

Aan die geweldige taak en roeping van ons Universiteit juis in die tyd waarin ons lewe, kan daar geen twyfel hoegenaamd wees nie. Aan ywer en toewyding om dit van harte na te wil kom ontbreek dit ook nie. Oor ons fisiese vermoë hang daar egter 'n ernstige wolk wat ek by hierdie geleent-

heid nie durf verbygaan nie.

As gevolg van die algemene ekonomiese omstandighede moes ons Regering die tweede agtereenvolgende jaar die normale subsidie van alle universiteite drasties verminder. Dit het die PU vir CHO in 'n besonder gevoelige stadium getref. Ons was nog nooit 'n ryk universiteit nie, altans nie stoflik nie. Ons het nog altyd met sober fasiliteite die maksimum diens gelewer. Mense was nog steeds vir ons veel belangriker as geboue, sodat ons eerder direk in dosente en studente as in steenmonumente belê het. (Ons salarisbegroting het byvoorbeeld sedert 1970 verdrievoudig terwyl ons beurse eweneens geweldig uitgebrei het.) Die buitengewone groei in ons studentetalle in die laat sestiger- en vroeë sewentigerjare het dit egter onmoontlik gemaak om langer uit te stel, en 'n omvangryke bouprogram moes dringend aangepak word. Daar moes as 't ware 'n nuwe kampus op die oue gebou word. Ons pluk tans die vrugte daarvan namate die een gebou na die ander voltooi en in gebruik geneem kan word: Ekonomiese Wetenskappe, Biologiese blok fase I, Opvoedkunde-Sielkunde en uiteindelik ook die Studentesentrum — alles binne die bestek van 'n jaar.

Nêrens is enigsins luuks gebou nie. Tog is sedert 1970 meer as 26 miljoen rand hieraan bestee.

Ons moet jaarliks oor 'n miljoen rand aan rente en skulddelging betaal — en dit op 'n tyd dat ons studentetalle begin stabiliseer, onder meer omdat finansiële omstandighede dit vir ouers al hoe moeiliker begin maak om hulle kinders verby ander universiteite heen na die PU vir CHO te stuur.

Verlede jaar moes ons (soos ook die ander universiteite) drasties besuinig en bespaar. Vanjaar se begroting is besnoei tot op die punt dat die kwaliteit van ons werk ernstig in gedrang sou kom as ons verder vakante poste sou bevries, uitbreidings sou uitstel, navorsingsprojekte sou beperk, ontwikkeling sou vertraag.

Die bedoeling is hoegenaamd nie om enigsins teenoor die staat te skimp: Gee ons die volle subsidie waarop ons volgens die Van Wyk de Vries-formule geregtig is nie. Ons wil graag in landsbelang ons deel bydra aan besparing, al is dit so dat ons ons plig sou versuim as ons nie beleef sou waarsku dat hierdie besnoeiing van die universiteitsubsidie, as dit te lank voortgesit sou word, wel korttermyn- ekonomiese voordele mag inhou maar oor die lang termyn permanente skade tot gevolg sou kon hê in iets wat veel belangriker is as geld: die kwaliteit van die opleiding waarmee ons jongmense die lewe instuur.

Ons vra dus nie vir ons Regering om meer geld nie. Ons gaan self offer,

self die moue oprol en werk.

Vyftig jaar gelede het 'n staatskommissie aanbeveel dat ons Universiteit (destyds nog 'n kollege) gesluit moet word, onder meer omdat die fasiliteite onvoldoende sou wees. Dwarsoor die land is ons ondersteuners gemobiliseer. Ook in klein dorpies is komitees gestig. Die penning van die arm weduwee het nie ontbreek nie. Die gevaar is afgeweer, en die PUK het deur die bedreiging 'n onverwagse inspuiting gekry.

Ons gaan vanjaar weer so iets doen. Net, ons gaan vanjaar 'n miljoen rand insamel.

In opdrag van die Raad het die Departement Ontwikkeling die afgelope maande 'n intensiewe en omvattende aksie wetenskaplik beplan. Besonderhede hieroor kon ek die afgelope dae in 'n reeks vergaderings aan al ons personelede voorlê. Sonder 'n enkele uitsondering het alle geledinge hulle hartlikste medewerking beloof. Waar elders aangedring word op salarisverhogings, beleef ons hier die omgekeerde: ons personeel het vrywillig besluit dat hulle met minder gaan klaarkom deurdat hulle 'n deel van hulle salaris in ons Universiteit gaan belê. Want hulle glo in die saak waarvoor hulle werk. Die gees en karakter van ons Universiteit is vir hulle ook roeping en dankbaarheidsdiens.

Dat u, meneer die Kanselier, ingewillig het om op te tree as beskermheer van die Aksie Puk-miljoen 1978 — en terselfdertyd ook die eerste bydrae van R1000 gelewer het — stem ons tot groot dankbaarheid. Dit sal u ongetwyfeld tot dankbaarheid stem, meneer die Kanselier, om te weet hoe aansteeklik u voorbeeld werk en hoe ons nou al oorstroom word met bydraes uit alle geledinge van ons personeel, ook bydraes wat mens skaam maak, want daar word beslis nie uit oorfloed gegee nie.

Ook ons studente brand om op hulle wyse hulle deel by te dra. En hulle kan, want wie is beter ambassadeurs vir die PU vir CHO as juis hulle?

Ons oud-studente, ons ondersteunersgemeenskap, die vriendekring wat met ons meeleeft, en die breë publiek sal stelselmatig landswyd betrek word.

Maar — en mag ek dit met die grootste nadruk beklemtoon — dit gaan nie bloot om geld nie. Geld is hier net 'n middel, 'n barometer, 'n katalisator, 'n simptome. Ons Universiteit moet na binne konsolideer, na buite mobiliseer soos nooit tevore nie. Elke bydrae moet 'n belegging wees, 'n gebaar van vertroue in 'n saak wat veel en veel groter is as wat in rand en sent uitgedruk kan word.

Dit sal ons telkens tot kritiese selfondersoek moet bring en tot drastiese huisskoonmaak moet lei. Slap hande en lam knieë sal weer gespierd moet

begin funksioneer. 'n Egte, lewensgetroue beeld van ons Universiteit sal na buite uitgedra moet word: onvoorwaardelik Christelik, onbeskaamd Afrikaans, 'n akademiese diensgemeenskap met durf vir die toekoms.

\*\*\*\*\*